

Hoofstuk 3 Die derde geslag Swanepoels se omswerwinge gedurende die Groot Trek en hul vestiging in Noordwes

3.1. Inleiding


Die navorsing in hierdie hoofstuk is gerig op die uitbreiding en boekstaving van die beskikbare genealogiese kennis van die derde geslag geselekteerde Swanepoels wat in die Graaff-Reinet-distrik grootgeword het. Die rede vir die seleksie van twee seuns van Pieter Swanepoel is dat van hulle kleinkinders met mekaar getrou het. Die geselekteerde groep was deel van die veeboere wat na die binneland getrek het as deel van die Potgieter- en Retief-trekke en later in Lichtenburg in Noordwes gevestig het.¹⁸² Die sigbaarheid en rol wat hierdie Swanepoels en sommige aangetroude familie in die geskiedenis van Suid-Afrika gespeel het, word nie in bestaande literatuurstudies aangedui nie en daar is leemtes in verpersoonlikte kennis en insigte rondom hul lewensloop.

Relevante geskiedkundige gebeure is nagevors en die basiese data is met die geslagsregister geïntegreer. Om die leemtes sinvol te beskryf, is die onderrouery tussen familielede, geskiedkundige gebeure wat aanleidende oorsake tot die Groot Trek was en hierdie Swanepoel-geslag se betrokkenheid daarby, sowel as die rol van die kerk en hul vestiging in Noordwes geïntegreer. Die aangetroude Bantjés-familie, wat 'n pertinente bydrae tot die geskiedenis gemaak het, vorm deel van die integrasie.

¹⁸² James Cooks Persoonlike Argief (JCPA): Lêer 1, Korrespondensie: *James Andrew Cooks-John George Cooks*, 26 Januarie 1970, p. 3; A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 298.

3.2. Die derde geslag Swanepoels

(Kyk addenda A, E, G, H, L, M en N agter)



Figuur 33: Die derde geslag Swanepoels

Die kinders van Abraham Christoffel Johannes Swanepoel (sr.)¹⁸³ en Hendrik Jacobus Swanepoel¹⁸⁴ (tweede geslag) respektiewelik (waarvan die navorsingsbevindings beskryf is in hoofstuk 2), is in hierdie hoofstuk beskryf. Willem Jacobus Swanepoel, seun van Hendrik,¹⁸⁵ is op 12 Mei 1801 op die plaas Nieuweveld in die Beaufort-Wes-distrik gebore en op 20 Oktober 1801 in Graaff-Reinet gedoop gedurende die tydperk van die eerste

¹⁸³ Agste seun van Pieter Swanepoel (eerste geslag).

¹⁸⁴ Twaalfde seun van Pieter Swanepoel (eerste geslag).

¹⁸⁵ Seun van Hendrik Jacobus Swanepoel soos beskryf in hoofstuk 2.

kortstondige Britse besetting van die Kaap (1795-1803).¹⁸⁶ Willem sterf op 5 Desember 1884 in die Lichtenburg-distrik (addendum G). Abraham Christoffel Johannes Swanepoel (jr.), seun van Abraham (sr.),¹⁸⁷ is op 28 Junie 1804 in Franschhoek (voorheen Olifantshoek) gebore en op 8 November 1804 in Graaff-Reinet gedoop.¹⁸⁸ Abraham sterf op 27 September 1894 op die plaas Zoutpannen (Soutpan) in die Lichtenburg-distrik (addendum E). Abraham het as Voortrekker saam met Potgieter getrek¹⁸⁹ en Willem saam met Piet Retief.¹⁹⁰ Albei die gesinne het hulle later in die Lichtenburg-distrik in Noordwes gevestig.

Die periode 1795 tot voor die Groot Trek in die 1830's is gekenmerk deur verskeie gebeurtenisse wat veroorsaak het dat van die veeboere verder die binneland ingetrek en hulle buite die Oosgrensdistrikte gevestig het. Die Oosgrensdistrikte was die distrikte van Graaff-Reinet, Uitenhage, Somerset-Oos, Tarkastad, Grahamstad, Cradock en Colesberg.¹⁹¹ Sommige veeboere het gedurende die eerste helfte van die 18^{de} eeu die Karoo begin binnedring en hulle in die Nuweveld en Koup gevestig het. Weens die skaarste in oppervlakwater het die meeste veeboere hulle naby waterbronne gevestig, wat o.a. die huidige ligging van die dorp Beaufort-Wes verklaar.¹⁹²

¹⁸⁶ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 315.

¹⁸⁷ Seun van Abraham Christoffel Johannes Swanepoel(sr.) soos beskryf in hoofstuk 2.

¹⁸⁸ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 298.

¹⁸⁹ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 299.

¹⁹⁰ JCPA: Leer 1, Korrespondensie: *James Andrew Cooks -John George Cooks*, 26 Januarie 1970, p. 3.

¹⁹¹ Anon., Dugeot se Mieliestronk.com-webwerf, "Die Groot Trek" by <http://www.mieliestronk.com/groottrek.html>, 20 Julie 2012.

¹⁹² Anon., Beaufort-Wes-webwerf, "Beaufort-Wes, die oudste munisipaliteit" by <http://www.beaufortwestmun.co.za/>, 3 Julie 2012.

Die twee Britse besetting van die Kaap, skermutselings as gevolg van veediefstalle deur die Khoi-Khoi en Xhosas, proklamering van Engels as enigste amptelike taal, die afskaffing van slawerny¹⁹³ en die behoefte aan meer weiveld, was aanleidende oorsake tot die Groot Trek.¹⁹⁴ Daar was onder die Britte aan die Kaap godsdiensvryheid. Verskillende kerkgenootskappe was aktief in die Kolonie. Predikante is deur die Britse owerheid besoldig en Skotse Presbiteriaanse leraars het ook opleiding in Nederland ontvang in die Hollandse taal voordat hulle by NG Gemeentes begin dien het. Voorbeeld is Andrew Murray, William Robertson, George Thom en Henry Sutherland.¹⁹⁵ Die eerste Anglikaanse predikante, wat gereeld aan die Kaap gepreek het, was die militêre kapelane wat saam met die Britse troepe tydens die besettings van die Kaap in 1795 en weer in 1806 diens gedoen het.¹⁹⁶ Die tweede Britse besetting gedurende 1806 het gepaard gegaan met die invloei van staatsamptenare en later die 1820 Britse Setlaars waarvan sommige lede was van die Anglikaanse Kerk van Engeland.

Verset teen Britse gesag en die streve na onafhanklikheid deur die veeboere het aanleiding tot die Groot Trek gegee. Oor die presiese redes waarom die grensboere besluit het om te trek, is daar nie noodwendig eenstemmigheid onder die geskiedkundiges nie. Die mees algemene siening is dat die grensboere se griewe, wat oor die jare opgebou het, gekulmineer het in die gevoel dat hul selfstandige bestaan deur 'n doelbewuste verengelsingsbeleid en hul stoflike bestaan deur 'n reeks verwoestende grensoorloë teen die Xhosa bedreig is.¹⁹⁷

¹⁹³ Nuwe Geskiedenis, Die amptelike Suid-Afrikaanse geskiedenisbron, "Die beëindiging van slawerny, bevryding van die slawe, hoofstuk 3" by <http://nuwegergeschiedenis.co.za/deel-1-hoofstuk-3-die-beeindiging-van-slawerny-bevryding-van-die-slawe>, 23 Julie 2012.

¹⁹⁴ J. Brink, *Die Brink-familie van Suid-Afrika*, p.29, 17 Julie 2012.

¹⁹⁵ S. du Toit, "Handleiding vir die studie van Kerkgeskiedenis, hoofstuk 44, by http://www.cjbf.co.za/pdfboeke/DuToitS_Kerkgeskiedenis.pdf, pp. 100-101,

¹⁹⁶ I. Bredenkamp & A. Wessels, "Die Suid-Afrikaanse Kapelaansdiens (SAKD)" by http://www.scielo.org.za/scielo.php?pid=S1015-87582011000100001&script=sci_arttext, 18 Julie 2012.

¹⁹⁷ J. Brink, "Brink-familie - Die Suid Afrikaanse geskiedenis, hoofstuk 2" by <http://www.angelfire.com/folk/brinkfamily/files/hoofstuk2.pdf>, p. 28.

Tussen tien- en twaalfduisend veeboere het gedurende die jare dertig van die negentiende eeu uit die Oosgrensdistrikte van die destydse Kaapkolonie na die binneland getrek om 'n onafhanklike staat in die lewe te roep.¹⁹⁸

3.3. Ondertrouery tussen die Swanepoels

In hoofstuk 2 is Pieter Swanepoel, die derde kind van die Swanepoel-stamvader, wat met die nageslag van 'n Indiese slavin getroud is, beskryf.¹⁹⁹ Om die ondertrouery tussen die Swanepoels in perspektief te stel, word die navorsingsbevindings gedokumenteer.

Willem Swanepoel se pa, Hendrik Jacobus, soos beskryf onder punte 2.11 en 2.12, was twee keer getroud.²⁰⁰ Uit sy huwelik met Isabella Jacoba Esterhuizen is daar 'n dogter, Isabella Johanna Adriana Swanepoel, gebore. Hendrik se tweede huwelik was met Maria Jacoba Smit en uit dié huwelik is Willem Swanepoel gebore. Isabella Johanna Adriana Swanepoel (Willem se halfsuster) is met Bernhard Louis Bantjés, nasaat van 'n slavin getroud en het 'n dogter Isabella Jacoba Bantjés in die lewe gebring.²⁰¹ Willem is in 1836 met Isabella Jacoba Bantjés getroud²⁰² nadat hy goedkeuring van die staat gekry het. Sy eerste kind is in 1836 gebore, hoewel die stamregister van dr. A.J. Swanepoel aanvoer dat die kinders buite-egtelik gebore is.

¹⁹⁸ Anon., Dugeot se Mieliestronk.com-webwerf, "Die Groot Trek" by <http://www.mieliestronk.com/groottrek.html>, 23 Julie 2012.

¹⁹⁹ Pieter is die oupa van Abraham-(jr.) en Willem Swanepoel.

²⁰⁰ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, 'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika, p. 315.

²⁰¹ P.T. Mellet, "Jan Gerritze Bantjés – slave descendants on the Great Trek" by <http://cape-slavery-heritage.iblog.co.za/2008/10/05/jan-gerritz-Bantjés-slave-descendants-on-the-great-trek/comment-page-1/>, 3 Julie 2012.

²⁰² KAB, Colonial Office (CO), 3959, 30, Part 1. *Memorials received. Willem Jacobus Swanepoel. Permission to marry his niece, Isabella Jacoba Bantjés, starting 1836*; Wits University Library, Manuscript, A7, J.G. Bantjés, 1867-1910; KAB, CO, 3990, 41 part 1, *Memorials received. Willem Jacobus Swanepoel. dispensation to enable him to marry Isabella Jacoba Bantjés, starting 1836 ending 1836*.

Die stamregister van dr. A.J. Swanepoel lui: “*Kinders e1 tot e4 is volgens Beaufort-Wes se doopregister buite-egtelik gebore. Met die doop van sy kinders e9-e11 is sy eggenote se name as Isabella Adriana Bantjés geskryf. Dit is waarskynlik sy tweede huwelik (dalk sy eerste eggenote se suster of niggie) of dit kan wees dat sy eerste eggenote se name deur die Nederduits Hervormde-gemeente Potchefstroom anders geskryf is as wat dit in die Kaapse gemeente geskryf is*”.²⁰³

Willem is in Desember 1884 in die Lichtenburg-omgewing oorlede, maar daar is onsekerheid waar hy begrawe is²⁰⁴ (Raadpleeg addendum G). Hierdie ondertrouery is gekompliseer deurdat die seun van Abraham (jr.), Pieter Andries, en die dogter van Willem, Maria Jacoba Swanepoel, as verlangse familie met mekaar getrou het.²⁰⁵


3.4. Die Swanepoels as deel van die Voortrekkers

Abraham Swanepoel was deel van die Potgieter-trek en Willem Swanepoel het saam met Piet Retief getrek. Die lyne, soos aangedui op die kaart in figuur 34, gee 'n aanduiding van die roetes wat die Voortrekkers gevolg het.

²⁰³ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 315.

²⁰⁴ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 315.

²⁰⁵ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 303.



Figuur 34: Die trekroetes van die Voortrekkers²⁰⁶


3.5. Abraham Swanepoel (jr.), sy deelname aan die Potgieter-trek en vestiging in Noordwes

Abraham (jr.) is getroud met Sarah Johanna Susanna Jansen van Vuuren.²⁰⁷ Sarah se ouers, Lourens van Vuuren en sy vrou, Martha Aletta, was ook deel van die Andries Hendrik

²⁰⁶ Anon., South Africa Tours and Travel-website, "Die trekroetes van die Voortrekkers" by <http://www.south-africa-tours-and-travel.com/great-trek-in-south-africa.html>, 14 Maart 2011; Anon., SAHO-webwerf by <http://www.sahistory.org.za/pages/governance-projects/great-trek/graphics/trek-map.jpg>, 14 Maart 2011; A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, 'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika, p.298.

Potgieter- en Sarel Celliers-trekke.²⁰⁸ Hulle het na Masjonaland saamgetrek en deelgeneem aan die geveg by Vegkop op 16 Oktober 1838 waar die Matabelemag afgeweer is.²⁰⁹ Die Potgieter-trek het later by die laer van Gerrit Maritz in Natal aangesluit.

'n Kort beskrywing van Potgieter se bydrae tot die Groot Trek gee perspektief aan Abraham Swanepoel se betrokkenheid by Potgieter se verkenningsstog na die Noorde. Andries Hendrik Potgieter is op 19 Desember 1792 in Tarkastad gebore. Sommige geskiedskrywers gee Graaff-Reinet aan as sy plek van geboorte.²¹⁰ Hy was 'n gesiene skaapboer van die Graaff-Reinet-distrik. Na sy deelname aan die vierde, vyfde en sesde grensoorloë het hy besluit om die Kaapkolonie te verlaat. Potgieter het in 1835 saam met die trekke van Louis Tregardt, Piet Retief, Gerrit Maritz en Piet Uys, uit die Oos-Kaap tot in die Vrystaat getrek.



Figuur 35: 'n Voortrekker-gesin²¹¹

²⁰⁷ TAB, Meester van die Hooggereghof (MHG), 0/9422, Boedel, Swanepoel, Abraham Christoffel Johannes, 1894; TAB, MHG, 0/13, Boedel, Swanepoel, Sarah Johanna Susanna. (gebore Jansen van Vuuren), 1873; J.C. Visagie, Voortrekker-stamouers, 1835-1845, pp. 488-489.

²⁰⁸ G.D.J. Duvenage, *Die slag van Vegkop*, "Die geveg, inligting oor die slag van Vegkop, geneem uit die boek *Die Groot Trek: Die eerste drie jaar*", by http://www.volksvergadering.co.za/?page_id=80, 11 Augustus 2012.


²⁰⁹ C.F.J. Muller (reds.), *500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, p. 164.

²¹⁰ Anon., SAHO-webwerf, "Andries Hendrik Potgieter die Voortrekker" by <http://www.sahistory.org.za/pages/people/bios/potgieter-ah.htm>, 14 Mei 2011.

²¹¹ Anon., South Africa Tours and Travel-website, "Piet Retief" by <http://www.south-africa-tours-and-travel.com/great-trek-in-south-africa.html#Piet Retief>, 14 Mei 2011.

Onder Potgieter se leiding is drie geheime ekspedisies na Suidwes-Afrika (tans Namibië), die Zoutpansberg-area en Natal gestuur om die moontlike toekomstige vestiging van die Voortrekkers te ondersoek.²¹²

Abraham Swanepoel (jr.) was deel van die ekspedisie na die noorde. Die ekspedisie van elf lede het in 1836 die Noord-Transvaalse laeveld vir nedersettingsdoeleindes verken. Hulle het die Sandrivier in die Vrystaat op 24 Mei 1836 verlaat en het op 24 Junie 1836 by Louis Trichardt se kamp by die Soutpan aangekom en 'n paar dae daar vertoef.²¹³ Louis Tregardt het reeds in 1835 vooruit na die Zoutpansberg-area getrek. Alhoewel Abraham deel was van die ekspedisie kan daar nie met sekerheid bepaal word of hierdie vertakking van die Swanepoel-familie deurentyd deel van die Potgieter-trek was nie.



Figuur 36: 'n Kaart wat die ligging van Soutpansberg aandui²¹⁴

²¹² A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid & A.L. Geyer (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, pp. 204, 205.

²¹³ J. Visagie, *Voortrekker Stamouers 1835-1845*, p. 230; A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 299.

²¹⁴ G. Philip, F.R.G.S.(ed), *Philips' New large Print Atlas for South Africa*, p. 17.

Potgieter het 'n ruiloooreenkoms met Makwana, die Bataung-kaptein, vir grond tussen die Vet- en Vaalrivier, bekend as Winburg of "geruilde grond", gesluit.²¹⁵ As teenprestasie vir die grond het Potgieter onderneem om die stam teen die Matabeles te beskerm. Die Matabeleleier, Mzilikazi, het daardeur bedreig gevoel en het die Potgieter-laer op 16 Oktober 1836 by Vegkop aangeval. Potgieter het hom later by Thaba Nchu by Piet Retief en Manie Maritz aangesluit. 'n Voortrekker-regering is saamgestel en Piet Retief is as leier verkies. Piet Retief het besluit om na Natal te trek. Potgieter het nie saamgestem nie en het in die Vrystaat agtergebly.²¹⁶

Met die besoek van Piet Retief en sy kommando aan Dingane om oor grondregte te onderhandel, is hulle op 'n verraderlike wyse vermoor. Potgieter en Piet Uys het besluit om te gaan help en het ook oor die Drakensberge Natal toe getrek. 'n Strafkommando is saamgestel, te midde van tweedrag onder Potgieter en Uys oor die leierskap van die kommando. Die Zoeloes is van twee kante aangeval en na hewige gevegte het die Zoeloes gevlug.²¹⁷

Uys en sy kommando het die Zoeloes agternagesit. Potgieter het dit van 'n afstand gesien sonder om die kommando van Uys te hulp te snel. Hy het omgedraai en na die ingang van die kom teruggegaan omdat hy bang was dat die Zoeloes die ingang sou toemaak en dan almal binne sou vaskeer. In die skermutseling het 'n assegaaï Uys getref en terwyl hy besig was om te sterf, het hy sy kommando beveel om hom agter te laat, aangesien hy hulle vertraag het. Sy seun, Dirkie Uys, het langs hom gesterf. Die kommando het gevlug en sou later bekend staan as die Vlugkommando.²¹⁸

²¹⁵ J.P. Botha, "Ons Geskiedenis, hoofstuk 12" by

http://afrikanervolksparty.org/index.php?option=com_content&view=article&id=721%3Aons-geskiedenis-hoofstuk-12-&catid=106%3Aons-geskiedenis&Itemid=290&lang=af, 23 Julie 2012.

²¹⁶ C.F.J. Muller (reds.), *500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, p.164

²¹⁷ C.F.J. Muller (reds.), *500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, p.164.

²¹⁸ C.F.J. Muller (reds.), *500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, p.167.

Potgieter is deur baie as 'n lafaard uitgeskel en baie van sy eie mense het hom as gevolg hiervan verlaat. Die meeste van die Natalse Voortrekkers sou vir altyd opstandig en vyandig teenoor Potgieter en sy mense wees. Sommige gesinne in sy trek het teruggetrek na die Kaapkolonie, terwyl 'n groep in 1838 saam met Potgieter in die Wes-Transvaal (Noordwes) gevestig het. Die dorp Potchefstroom het tot stand gekom en is na Potgieter vernoem. Hy het as die eerste staatshoof van die Republiek van Potchefstroom vir die periode 1840-1845 gedien.²¹⁹

Abraham Christoffel Johannes Swanepoel (jr.) het waarskynlik saam na Potchefstroom getrek en hom later as boer op die plaas Doornfontein in die destydse Lichtenburg-distrik gaan gevestig.²²⁰ Die plase Hartbeesfontein aan die Middelrivier in die omgewing van Klerksdorp/Potchefstroom en Witklip met ligging "Voor Schoonspruit" is op 12 Junie 1839 in die naam van Abraham geregistreer. In 1842 was die egpaar in die omgewing van Winburg.²²¹ Die plaas Doornfontein is in die omgewing van Delareyville en is eers na 1913 ingedeel as deel van die Delareyville-distrik (addendum M). Doornfontein is op 10 Desember 1849 in die naam van Abraham geregistreer²²² (addendum L). Abraham se vrou, Sarah, is volgens die boedel- en sterftekennis op 5 Junie 1873 op die plaas Doornfontein oorlede (addendum H). Abraham het in 1882 na die plaas Zoutpannen in die Lichtenburg-distrik getrek en is op 27 September 1894 daar oorlede.²²³ (kyk addenda E, H en M).

²¹⁹ Anon., Dugeot se Mieliestronk.com-webwerf, "Leiers van die Groottrek" by <http://mieliestronk.com/trekleiers.html>, 3 November 2012.

²²⁰ Doornfontein naby Lichtenburg, moet nie verwarring word met Doornfontein naby Delareyville nie. Zoutpannen is ongeveer 15km vanaf Doornfontein.

²²¹ J. Visagie, Voortrekker Stamouers 1835-1845, p. 230.


²²² TAB, RAK, 665/2433-1849, Registrasie van Doornfontein in die naam van Abraham Christoffel Swanepoel (jr.)

²²³ TAB, MHG 0/9422, Boedel, Swanepoel, Abraham Christoffel Johannes, 1894; A.J. Swanepoel, *'n Geslagregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p.298.

Die onderstaande dokument ter stawing is in die Transvaal-argief beskikbaar:

Commandant Generaal re Zoutpan verpacht in Marico.


Brief van pachter en antwoord gezonden, brief van Swanepoel die het bezit met wil, opgeven voorwaarden, waaronder contract moet verleend worden.²²⁴



Figuur 37: Doodsertifikaat van Abraham Christoffel Johannes Swanepoel (jr.)²²⁵

²²⁴ TAB, Argief van die Staatsekretaris (SS), 638, R1927/82, 85 of 6702, 29 Maart 1882, remarks by R2322/82.

²²⁵ TAB, MHG, 0/9422, Sterfkennis, Swanepoel, Abraham Christoffel Johannes, 1894.



Figuur 38: Kaart wat die ligging van die pleise Zoutpannen en Doornhoek aandui²²⁶

3.6. Willem Jacobus Swanepoel se deelname aan die Piet Retief-trek en vestiging in Noordwes

Willem Jacobus Swanepoel was deel van die Piet Retief-trek en het deelgeneem aan die Slag van Bloedrivier.²²⁷ Maria Jacoba Swanepoel, Willem se dogter, het aan haar kleinseun, James Andrew Cooks, vertel: "My grandmother (Maria Jacoba) was born in the Blood River lager in October 1838, just before the famous battle of Blood River".²²⁸ Verskeie geskiedkundiges beweer dat al die Voortrekker-vrouens in die laer teenwoordig was, maar

²²⁶ Kaart wat die ligging van die pleise Zoutpannen en Doornhoek aandui by http://www.southafricaholiday.org.uk/places/p_north_west.htm, 3 November 2012.

²²⁷ J.J. van Rensburg en byvoegings deur G.Swart, "Slag van Bloedrivier" by http://www.bloedrivier.org/bloedrivier_geskiedenis_naamlys.php, 14 Januarie 2011.

²²⁸ JCPA, Lêer 1, Korrespondensie: James Andrew Cooks-John George Cooks, 26 Januarie 1970, p. 3.

hierdie standpunt word bevraagteken.²²⁹ Volgens 'n gesaghebbende Christen-Afrikanernasionaliese webwerf is dit duidelik dat Maria, as twee maande-oue baba, en haar ma tydens die Bloedrivier-geveg nie in die laer was nie. Hulle het waarskynlik saam met al die ander vrouens by die laer in die bolope van die Thukela-rivier, naby Ladysmith, agtergebley.²³⁰

Inligting uit verskillende doopregisters versterk die vermoede dat Willem Swanepoel, ná die Slag van Bloedrivier na Beaufort-Wes-distrik teruggetrek en hom eers na 1853 in Wes-Transvaal (Noordwes) gevestig het. Sy eerste twee kinders is in Beaufort-Wes gedoop (1833-1836), die derde kind gedurende die Retief-trek (1838), die volgende vier kinders weer in Beaufort-Wes (1840-1846), die volgende kind by die Rietrivier in die Vrystaat (1850) en die laaste drie kinders in Potchefstroom (1853-1859).²³¹ Gedurende 1850 -1853 het Willem en sy gesin deur die Vrystaat getrek en hulle in die Lichtenburg-distrik in Noordwes, gevestig.²³² Willem is op 5 Desember 1884 oorlede en is in die Lichtenburg-distrik begrawe (kyk addenda G en M).

3.7. Die Bantjés-familie se deelname aan die Piet Retief-trek

Die Bantjés-familie is aangetroude familie van Willem Swanepoel en hulle noemenswaardige bydrae tot die geskiedenis vorm deel van die studie, aangesien Bantjés se bedrywighede geboekstaaf is en as verwysingsraamwerk kan dien.

²²⁹ A. Baley, "Oorsprong van die gelofte van 1838" by <http://upetd.up.ac.za/thesis/available/etd-07242003-161607/unrestricted/02chapter2.pdf>, p.13, 30 Augustus 2012.

²³⁰ Anon., Christen-Afrikanernasionaliste webwerf, "Bloedrivier" by http://gelofteland.org/index.php?option=com_content&view=article&id=151:-bloedrivier-gods-wonderwerk&catid=10:algemene-artikels&Itemid=24, 30 Augustus 2012.

²³¹ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, 'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika, pp. 303-306.

²³² A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, 'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika, p. 316.

Die broer van Isabella, die vrou van Willem Jacobus Swanepoel, Jan Gerritze Bantjés (sr.), is op 8 Julie 1817 op die plaas Nuweveld (Nieuwveld) in die Beaufort-Wes-distrik gebore. Hy is op 6 Oktober 1887 in Potchefstroom oorlede.²³³ Hy was die bekende penvoerder (sekretaris) van die Voortrekkers en later onderwyser. Hy was die derde kind van Bernhard Louis Bantjés en sy vrou, Isabella Johanna Swanepoel, en die agterkleinseun van die stamvader, Jan Geert Bantjés (1734-1782), wat in 1755 in Suid-Afrika aangekom het. Jan Geert is op 5 Maart 1758 in die Drakenstein-kerk met sy eerste vrou, Hilletje Agnita Jacobs, die dogter van Jan Jacobs van die Kaap en Anna Agneta (Agnietie) Pieters van die Kaap, getroud.²³⁴



Figuur 39: *Jan Gerritze Bantjés (sr.)*²³⁵

²³³ D.W. Kruger (ed.), D.J. Potgieter, *et al*, SAHO-webwerf, “*Jan Gerritze Bantjés (sr.)*” by <http://www.sahistory.org.za/people/jan-gerritze-bantjes>, 14 Januarie 2011.

²³⁴ C.J. Uys by <http://www.boerevryheid.co.za/forum/showthread.php?p=204667#post204667>, 18 Januarie 2011.

²³⁵ D.W. Kruger (ed.), D.J. Potgieter, *et al*, SAHO-webwerf, “*Jan Gerritze Bantjés (sr.)*” by <http://www.sahistory.org.za/people/jan-gerritze-bantjes>, 14 Januarie 2011.

Sekere navorsers beweer dat 'Jan Jacobs van de Caab' en 'Agnietie Pieters van de Caab' slawe was omdat 'van de Caab' agtervoegsels tot hulle name en vanne was. Alhoewel hierdie argumente meestal waar is, plaas die volgende verwysings dit in konteks:

Die stammoeder van J.G. Bantjés (sr.) was 'n Kaapsgebore slaaf, Hilletje Agnita Jacobs van der Caab. Sy was getroud met Jan Geert Bantjés wat in 1755 uit Nederland na die Kaap gekom het in 1755. Hy was die oupa-grootjie van Bernhard Louis Bantjés, die pa van J.G. Bantjés (Bloedrivier). Hilletje se ouers was die slawe, Jan Jacobs en Agnietie Pieters van der Kaap.²³⁶

Alhoewel Bantjés nie 'n Voortrekker in die ware sin van die woord was nie, was hy een van die mees prominente intellektuele van die trek en het menige kind, insluitend 'n jong Paul Kruger, in sy ossewa geleer lees en skryf. Sy naam kom voor op die lys van manskappe wat in die Bloedrivier-laer tydens die slag was.²³⁷

Die 21-jarige Bantjés is in Oktober 1838 met die weduwee Oosthuizen, wie se man in Februarie saam met Retief en sy geselskap vermoor is, getroud.

Die verdrag tussen Retief en Dingane, wat op 4 Desember 1838 onderteken is en 'n groot stuk grond aan die Boere oorgedra het, is deur Bantjés in sy eie handskrif opgetrek.²³⁸ Twee dae later, toe Retief en van sy manne vir Dingane by Umgungundlovu gaan groet het,

²³⁶ P.T. Mellet, "Jan Gerritze Bantjés – slave descendants on the Great Trek" by <http://cape-slavery-heritage.iblog.co.za/2008/10/05/jan-gerritz-Bantjés-slave-descendants-on-the-great-trek/comment-page-1/>, 15 Januarie 2011.

²³⁷ J.J. van Rensburg (byvoegings deur G. Swart), "Bloedrivier Geloftefees 2012" by <http://www.bloedrivier.org/web/index.php/af/geskiedenis/wie-was-daar>, 23 Julie 2012.

²³⁸ D.J. Potgieter, et al.(eds), *Standard Encyclopaedia of Southern Africa*, v.2, p. 48.

is hulle in opdrag van die Zoeloe-koning met knuppels doodgeslaan.²³⁹ Dit was Bantjés, sekretaris van die bevelvoerder van die Wenkommando teen die Zoeloes, Andries Pretorius, wat die nuus van Retief se grusame einde aan die res van die Voortrekkers moes oordra.

Bantjés was in die binnekring van die groep wat op 9 Desember 1838 by Waschbankspruit 'n gelofte aan God gemaak het dat as hulle 'n oorwinning oor die Zoeloes behaal, hulle en hul nageslag dié dag as 'n Sabbatdag sou herdenk. 'n Geloftekerk is na die Slag opgerig en het vir nagenoeg twintig jaar (tot 1861) as kerk gedien het voordat die "Toringkerk" langsaan opgerig is.




Figuur 40: Die Geloftekerk²⁴⁰

Bantjés het in 1839 breedvoerig oor die Gelofte en die Slag van Bloedrivier in 'n spesiale uitgawe van die tydskrif, *De Zuid-Afrikaan* geskryf. Dit is een van die belangrikste dokumente waarop latere historici hul ontledings van dié twee gebeurtenisse gegronde het.

²³⁹ F.A. van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot Vorster 1652-1974*, p. 142.

²⁴⁰ P.van Zijl, "Die Geskiedenis van die Geloftekerk" by <http://www.afrikanergeskiedenis.co.za/wp-content/uploads/2011/10/Geloftekerk-Pietermaritzburg-Geskiedenis.pdf>, 1 Maart 2012.



Figuur 41: Die Slag van Bloedrivier: helde afkomstig van Beaufort-Wes²⁴¹

Bantjés het in 1839 klerk van die Volksraad in Pietermaritzburg geword en ook as prokureur in die landdroshof begin praktiseer. Toe die weduwee, H.J. van Niekerk, hom vir 'n bedrag geld dagvaar wat hy glo by haar geleen het, het hy terug Kaap toe getrek om die saak te ontduiuk.

²⁴¹ A.Griffiths, eGGSA library-website, "Helder van Beaufort-Wes" by http://www.eggsa.org/library/main.php?g2_itemId=16455, 20 Januarie 2011.

Bantjés het daarna vir 'n paar jaar lank 'n winkel in Prins Albert bestuur en was later die skoolmeester en voorleser van die NG Kerk in Humansdorp. In 1855 trek hy weer Graaff-Reinet toe, en agt jaar later word hy die landdrosklerk en posmeester van die *Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR)* in Pretoria. Hy het ook vir Marthinus Wessel Pretorius, die latere ZAR staatspresident onderrig.²⁴² Van Pretoria af is hy Lichtenburg toe waar hy staatsaanklaer was, en daarvandaan na Ventersdorp, waar hy 'n paar jaar lank skoolhoof was. Hy is in 1887 aan huis van sy oudste seun, Jan Gerritze Bantjés (jr.) in Potchefstroom oorlede.²⁴³

3.8. Die bydrae van Piet Retief as Voortrekker-leier

Om perspektief op Willem Swanepoel en Jan Gerritze Bantjés(sr.) se betrokkenheid by Retief se trek te gee, is 'n kort beskrywing van Retief as Voortrekker-leier nodig.

Piet Retief is in 1780 in die Kaapkolonie gebore en het op 6 Februarie 1838 in Natal gesterf. Hy is 'n afstammeling van die Franse Hugenote en het in die omgewing van Wagenmakersvallei (huidige Wellington) grootgeword. Retief het 'n plaas naby die Koegarivier gekoop, maar later na Grahamstad verhuis, waar hy 'n fortuin gemaak en weer verloor het as gevolg van 'n swak besigheidsbesluit. Hy het daarna weer naby die Groot Winterberge gaan boer.²⁴⁴

Ná die publikasie van sy manifes in die *Grahamstown Journal* waarin die grens-boere se klagtes uiteengesit is, het Piet Retief in Februarie 1837 met twee waens vanaf sy plaas in die Winterberg-distrik die binneland ingetrek. Dertig ander Trekkers het by hom aangesluit.

²⁴² F. Wallis, SAHO-webwerf, "Jan Gerritze Bantjes, teacher and secretary to the provisional Voortrekker administration and to Comdt.-Gen. Andries Pretorius" by <http://www.sahistory.org.za/dated-event/jan-bantjes-voortrekker-teacher-paul-kruger-and-mw-pretorius-dies-0>, 3 November 2012.

²⁴³ D.J. Potgieter, et al., *Standard Encyclopaedia of Southern Africa*, v.2, p. 48.

²⁴⁴ SAHO-webwerf, "Piet Retief" by <http://www.sahistory.org.za/people/piet-retief>, 13 Februarie 2013.

Die Trekkers het daarna by die Vetrivier by verskeie ander trekke aangesluit. Daar is besluit om 'n Voortrekker-regering saam te stel en Piet Retief is as leier verkies. Die besluit om Natal toe te trek is nie deur Potgieter ondersteun nie en hy en sy volgelinge het besluit om in die Transgariep agter te bly.²⁴⁵



Figuur 42: 'n Tipiese toneel van Voortrekkers op pad binneland toe²⁴⁶

3.9. Die kerklike meelewing van die Swanepoels tydens en na die Groot Trek


Die drie kerke ter sprake tydens en na die Groot Trek is die Nederduits Hervormde Kerk, die Gereformeerde Kerk en derdens die Nederduits Gereformeerde Kerk.²⁴⁷ Christenskap, die uitdra van die Christendom en kerkverband was vir die Voortrekkers belangrik en daarom is plekke van aanbidding opgerig nadat hulle in 'n streek gevestig het. In die geval van die Swanepoels is die kinders, sonder uitsondering, kort na geboorte gedoop en het troue in die kerk plaasgevind. Die Nederduits Gereformeerde Kerk is op 22 Maart 1842 in

²⁴⁵ J.L.M. Franken, *Piet Retief se lewe in die Kaapkolonie*, pp. 423-441.

²⁴⁶ Anon., South Africa Tours and Travel-website, "Die Groot Trek" by <http://www.south-africa-tours-and-travel.com/great-trek-in-south-africa.html#LEADERS OF THE GREAT TREK>, 12 Februarie 2011.

²⁴⁷ C. Pretorius, *Ds. J.A.C. van Belkum (1851-19330, Nestor van die Nederduitsch Hervormde kerk van Afrika, 'n Teologiese – Historiese studie*, proefskrif, ingehandig om te voldoen aan die vereistes van die graad Doctor Divinitatis, Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria, 2002, p. 117.

Potchefstroom deur ds Lindley van die Kaapse Nederduits Gereformeerde Kerk, as die eerste gemeente oorkant die Vaalrivier, gestig.²⁴⁸ 'n Kerkgebou is in 1867-8 op die hoek van Potgieter- en Riebeeckstrate opgerig en is hoofsaaklik vir 'n tydelike skool gebruik nadat dit klaar gebou is.



Figuur 43: Nederduits Gereformeerde Kerk-gebou in 1867/8 (Moederkerk)²⁴⁹

Die kerkraad van die Moederkerk het in November 1853 besluit om van die Kaapse Kerk af te skei en die Hervormde Kerk is in 1853 as 'n onafhanklike kerk in die Transvaal te stig.²⁵⁰

²⁴⁸ I. Bredenkamp & A. Wessels, "Die Suid-Afrikaanse Kapelaansdiens (SAKD)" by http://www.scielo.org.za/scielo.php?pid=S1015-87582011000100001&script=sci_arttext, p.37, 18 Julie 2012.

²⁴⁹ Potchefstroom information directory, "Old buildings in Potchefstroom" by <http://www.potchefstroom.info/potchefstroom-information/potchtourism/important-information/66-old-buildings-in-potchefstroom>, 10 Mei 2011.



Figuur 44: Die kerkplein by Potchefstroom se Hervormde Kerk tydens Nagmaal ²⁵¹

Beide die Nederduits Hervormde Kerk en die Nederduits Gereformeerde Kerk wat onafhanklik van mekaar was, het van die leer, liturgie en regering van dié kerk afgewyk. In die liturgie het die Kaapse kerk die Evangeliese gesange gesing. Die vorm van kerkregering het toenemend mag aan die staat en sinodale vergaderings gegee, en die gesag van plaaslike kerkrade daaraan ondergeskik gemaak. Dit het onrus onder 'n klein hoeveelheid lidmate veroorsaak, maar dit was hoofsaaklik die invoer van gesange wat die ontevredenheid op die spits gedryf het. Van meet af aan was daar lidmate wat nie die gesange wou sing nie. Hierdie mense het in die volksmond bekend gestaan as "Doppers"²⁵² en het die leuse gehad: "In Gods huis Gods lied". Hulle was veral gekonsentreer in die omgewing van Rustenburg en in 1859 het 15 broeders, onder wie kommandant Paul Kruger, besluit om hulle af te skei van die Nederduits Hervormde Kerk in die Transvaal. Hulle het op


²⁵⁰ J. van der Merwe, "Die verskillende Afrikaanse Kerke" by <http://www.bibekennis.co.za/Algemene-Artikels-Bybelse-Temas-en-Sake/Die-verskillende-Afrikaanse-Kerke.html>, 26 Augustus 2012.

²⁵¹ N. van Rensburg (die siener), "Die pionierslewe in die Overvaalse" by http://www.lapa.co.za/media/shared/extracts/niklaas_van_rensburg_die_siener_preview.pdf, p. 79, 9 Augustus 2012.

²⁵² Gereformeerde Kerk Potchefstroom-webwerf, "Kerkgeskiedenis" by http://www.gkpotchefstroom.co.za/geskiedenis/geskiedenis_2.html, p. 1, 10 Mei 2011.

10 Februarie 1859 'n vergadering onder 'n seringboom by Rustenburg belê en 300 mense het hulle as lidmate van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika laat inskrywe.²⁵³

Ds. Dirk Postma, wat 'n besoekende predikant uit Nederland was, is versoek om hulle predikant te wees.



Figuur 45: Fotokopie van die notule van die eerste kerkraadsvergadering²⁵⁴

²⁵³ A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid & A.L. Geyer (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 252; F.A. van Jaarsveld & T.van Wyk, *Geillustreerde Geschiedenis vir Senior Sertifikaat*, pp. 376, 377; Gereformeerde Kerk Potchefstroom-webwerf, "Kerkgeskiedenis" by <http://www.gkpotchefstroom.co.za/geskiedenis.html>, p. 1, 10 Mei 2011.

²⁵⁴ Gereformeerde Kerk Potchefstroom-webwerf, "Kerkgeskiedenis" by <http://www.gkpotchefstroom.co.za/geskiedenis.html>, p. 2, 10 Mei 2011.



Figuur 46: Die eerste Gereformeerde Kerk in Potchefstroom²⁵⁵

3.10. Vestiging van die Swanepoels in Noordwes

In die lig dat Abraham Christoffel Johannes Swanepoel en Willem Jacobus Swanepoel en hulle nageslagte hulle in die Lichtenburg-distrik gevestig het, word die ontwikkeling van die gebied beskryf.

Hendrik Adriaan Greeff is in 1828 op die plaas Lichtenburg in die omgewing van Pampoenkraal (later Durbanville), naby Kaapstad, gebore.²⁵⁶ Hy het hom in 1858 op die plaas Elandsfontein gevestig en het 5 sjielings per jaar aan “recognitiegeld” betaal. Later het 'n gedeelte van die plaas die eiendom van sy skoonseun, generaal Koos de la Rey, geword en is steeds in besit van die De la Rey-familie.²⁵⁷ Greeff het in 1860 die plaas Doornfontein

²⁵⁵ Gereformeerde Kerk, Potchefstroom-webwerf, “Eerste Gereformeerde kerk in Potchefstroom 1863 tot 1988” by http://www.gkpotchefstroom.co.za/geskiedenis/geskiedenis_3.html, p. 3, 19 Julie 2012.

²⁵⁶ Gedata, “Hendrik Adriaan Greeff” by http://www.gedata.co.za/index.php?view=article&catid=16%3Astories-uit-ons-geskiedenis&id=35%3Ageneraal-de-la-rey-se-skoonpa&option=com_content&Itemid=68, 10 Maart 2011.

²⁵⁷ Z. Rowan, *Nonnie de la Rey 1856-1923*, MA kultuurgeskiedenis, Universiteit van Pretoria, pp. 47-49.

van P.F. Pearch gekoop.²⁵⁸ Hierdie uitsoekplaas was 4678 morge (4008 hektaar) groot met sterk fonteine en 'n pragtige vlei wat dit van 'n ander buurplaas, Kaalplaats, geskei het. Hier was genoeg en goeie bome vir vuurmaakgoed, maar ook uitstekende landbougrond en weiveld. Ander plase in die omgewing was bewoon deur, onder andere die gesinne van Abraham Swanepoel,²⁵⁹ Abram de Villiers, Karel Weyer, Hans de Beer, die Van den Bergs, Krugers, Ludicks, Oosthuizens, Redelinghuyse, Pretoriuse, Steinmans, Sneyderse en Viljoens.²⁶⁰ Abraham Swanepoel vestig hom op Doornfontein ongeveer 150 kilometer aan die westekant van die destydse Lichtenburg-distrik.²⁶¹ Greeff het hierdie plaas in die somer gebruik om op te boer en in die winter het hy gaan jag. Tydens die jagtogte het sy vrou, Sannie, volstruisvere versamel. By hulle tuiskoms het sy dan die vere gewas, gepluim en verkoop. Met die geld wat sy só bymekaar gemaak het, het sy later die aangrensende plaas, Kaalplaats, gekoop.²⁶²

Potchefstroom was die naaste handelsentrum en sowat 150 km of “14 uur rijdens te paard” ver. 'n Behoefté vir 'n dorp met eie kerk en winkels het al sterker geword, en die boere in die omgewing het Doornfontein (Lichtenburg) met sy baie water, vuurmaakgoed en boumateriaal as aangewese plek gesien. Erwe is uitgemeet en 'n leivoor aangelê uit die fontein vir “natte erven” en die eerste intrekkers het begin inbeweeg.²⁶³

In 1865 is aansoek om dorpstigting aan die Volksraad gerig. Die aansoek is deur 132 mans in die gebied onderteken en 'n aantal dorpsregulasies is saamgestel. Greeff wou die dorp

²⁵⁸ A.D. Bosman, *Hendrik Adriaan Greeff II*, Die Noordwester, 22 April 1977, p. 11.

²⁵⁹ Seun van Abraham Christoffel Johannes Swanepoel (sr.) soos beskryf in hoofstuk 2.

²⁶⁰ Die Klipkerk, Lichtenburg, gedenk-uitgawe, “*Die geskiedenis van die NG Gemeente, Lichtenburg 1885-1985*”, pp. 19-21.

²⁶¹ Doornfontein moet nie verwar word met die plaas Doornfontein waar Lichtenburg tot stand gekom het nie.

²⁶² Die Klipkerk, Lichtenburg, gedenk-uitgawe, “*Die geskiedenis van die NG Gemeente, Lichtenburg 1885-1985*”, pp. 19-21.

²⁶³ Die Klipkerk, Lichtenburg, gedenk-uitgawe, “*Die geskiedenis van die NG Gemeente, Lichtenburg 1885-1985*”, pp. 19-21.

Lichtenburg (na sy geboorteplaas) doop omdat hy wou hê dit moes 'n dorp wees wat sy lig sou laat skyn oor hierdie gebied, nie net wat gasvryheid en voorspoed betref nie, maar ook op geestelike gebied. Die Uitvoerende Raad van president M.W. Pretorius van die ZAR het in 1866 die aansoek om dorpstigting (Lichtenburg) *"in goedgunstige overweging genomen"*. Die naam "Lichtenberg" het reeds op die amptelike kaart van die ZAR verskyn, alhoewel daar geen formele terugvoer van die Volksraad was nie.²⁶⁴

In 1869 het Hendrik Greeff, H.J. Redelinghuys, H. Bischop, Abraham Bosman, E.C. Hamman, Jan Hamman, Abram de Vries, H. Greeff, L.W.J. Swanepoel (seun van Willem Jacobus Swanepoel), Jan Scholtz, J.G. Bantjés (sr.) en J.G. Bantjés (jr.) weer vergader om oor die reeds opgestelde dorpsregulasies te besin. Tydens die vergadering is elf regulasies opgestel.

In 1873 is Lichtenburg amptelik deur Thomas Francois Burgers, staatspresident van "der Zuid Afrikaansche Republiek, met raad en advies van den H.Ed. Uitvoerenden Raad der Regering van de Z.A. Republiek en met goedkeuring van den H.E.A. Volksraad dezer Republiek" as dorp verklaar.²⁶⁵

Geskiedkundige gebeure, soos die vestiging van Greeff se skoonseun, Jacobus Herculaas de la Rey, die Anglo-Boereoorlog, die Rebellie, die ongelooflike ryk diamantdelwerye wat die wêreldmark op die rand van ineenstorting gehad het, die voorspoed op landbougebied en die brandende vlei het alles meegewerk om kommandant Hendrik Adriaan Greeff (1828-1884) se drome en ideale vir Lichtenburg te laat realiseer.

²⁶⁴ Die Klipkerk, Lichtenburg, gedenk-uitgawe, "Die geskiedenis van die NG Gemeente, Lichtenburg 1885-1985", p. 21.

²⁶⁵ Die Klipkerk, Lichtenburg, gedenk-uitgawe, "Die geskiedenis van die NG Gemeente, Lichtenburg 1885-1985", p. 21.

3.11. Samevatting

In hierdie hoofstuk is verskeie gebeure en rigtinggewende rolspelers van die periode, 1795 tot ongeveer 1850, en spesifiek die Swanepoels se betrokkenheid onder die soeklig geplaas. As aktiewe deelnemers aan die aktiwiteite van hierdie era moes die Christelike oriëntering en blootstelling aan die nuwe Suid-Afrikaanse landskap en sy inwoners vorm gegee het aan die lewens- en wêreldbeskouing, maar veral die leefstyl en akkulturalisasie van die Swanepoel-familie.

Die gemengde afkoms van die geselekteerde vertakking van die Swanepoel- en Bantjés-familie en hulle onbevooroordelde aanvaarding as blankes binne die sosiale struktuur van hulle tyd is verrassend en insiggewend in die lig van die latere rassekwessies in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Dit laat vrae ontstaan (of beantwoord dan huis vrae) rakende die oorsprong van blanke meerderwaardigheid: Hierdie geslag het weggetrek van Britse oorheersing en was oënskynlik gemaklik met (en ook aanvaar as) koloniste wat veeboere geword en as Voortrekkers 'n nuwe landstreek getem het.

Historiese kernmomente het dié geslag beïnvloed en voor rigtinggewende keuses gestel. Die besluit om te trek en die keuse saam met wie en waarheen getrek moes word, was radikaal en ingrypend vir elke mens afsonderlik, maar ook binne die breër konteks van die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Dié historiese blootstelling het die geestelike, sosiale, geografiese en politieke ingesteldheid van hierdie geselekteerde groep gevorm en tot unieke karaktereienskappe geleid. Hulle was Christelik, Afrikaans, taai en besiel om te tem en 'n verskil te maak vanweë hulle kollektiewe geloofsgronde en toekomsvisie.